

---

---

## NG KERK IN SUID-AFRIKA: ARGIEF

Tel: 021 882 9923 Faks: 086-617-5963 [argief@kaapkerk.co.za](mailto:argief@kaapkerk.co.za)

---

---

**ONDERWERP:** ABORSIE  
Sinode Besluite 1986-2007  
**SOEKTOG:** 17.03.2011  
**BRONNE:** ACTA van die Algemene Sinode

### ALGEMENE SINODE BESLUIE

#### 1986

##### AGENDA

6. Verslag Van die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake

##### **Punt 4.2, Aborsie, p 91**

4.2.1 Uit verskillende oorde word aborsie tans ook as gesinsbeplanningsmetode bepleit. Daar bestaan organisasie wat aktief propaganda maak vir die wysiging van wetgewing sodat aborsies meer geredelik uitgevoer kan word. Die dagbestuur het 'n onderhoud met die Minister van Gesondheid en Welsyn gevoer waartydens ons Kommissie vir die behoud van die bestaande wetgewing gevra het. Die reaksie van die minister het die Kommissie gerus gestel.

4.2.2 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op die owerheid om nie die wetgewing te wysig ten einde die uitvoering van aborsies te vergemaklik nie.

##### HANDELINGE

##### **Punt 4.2, p 600**

4.2.1 Kennis geneem

4.2.2 Aanbeveling - goedgekeur

##### AGENDA

##### **Punt 5, Aborsie, p 107**

##### 5.1 Opdrag

"Die Sinode besluit dat, aangesien die omstandighede vir aborsie "in hoogs uitsonderlike gevalle" nie uitgespel is nie, die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake versoek word om 'n kommissie saam te stel, waarin ook vakkundiges behoort te wees, om hieraan aandag te gee vir voorlegging aan die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake met die oog op finale afhandeling. Die resultaat wat desnoods in 'n brosjure beskikbaar gestel kan word, kan ook as riglyn dien in die onderhandeling met die owerheid (Handelinge, Algemene Sinode 1982: 1241-1242)

##### 5.2 Optrede

Gedurende die reses het Kommissielede die vraagstuk van aborsie met verskeie medici - veral persone wat aan opleidingshospitale verbonde is - bespreek. Nadat die Kommissie mondelinge verslag ontvang het, is besluit om nie op 'n kasuïstiese wyse die moontlike indikasies vir aborsie te tabuleer nie. Die taak van die Kerk is om die Skriftuurlike beginsel aan te dui. Binne die ruimte van hierdie beginsel-standpunt bepaal die gelowige sy optrede. Daarom beveel die Kommissie aan dat die Sinode volstaan met die besluite wat in verband met aborsie geneem is.

**5.3 Aanbeveling**

Die Algemene Sinode volstaan met die besluite wat reeds in verband met aborsie geneem is.

HANDELINGE

5. Aborsie, p 602

5.1 Opdrag - kennis geneem

5.2 Optrede - kennis geneem

5.3 Aanbeveling - goedgekeur

Die Algemene Sinode volstaan met die besluite wat reeds in verband met aborsie geneem is.

**1990**

Geen besluite

**1994**AGENDA

A.3 Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake, p 63

2. Aborsie

Stemme het die afgelope tyd opgegaan ten gunste van aborsie op aanvraag. Aborsie het selfs 'n politieke speelbal geword. Onderstaande standpunt, soos deur die Algemene Sinode van 1982 besluite, is opnuut aan die media en politici verskaf. Die Sinode bevind, in die lig van die Skrifgegewens en die stand van wetenskaplike gegewens, dat aborsie ontoelaatbaar is. In die hoogs uitsonderlike gevalle van volkome onafwendbaarheid, bly dit nog steeds 'n saak wat nie volgens God se geopenbaarde wil is nie en daarom slegs met diepe worsteling, skuldbelydenis, pyn en onder felle protes aanvaar kan word. (Handelinge Algemene Sinode 1982: 1242)

HANDELINGE

A.3 Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake, p 429

Kennis geneem

**1998**

Geen besluite

**2002**AGENDA

A.12 Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake, p 186

C. Algemene Aktuele Sake

1. Aborsie

Die Kommissie was betrokke by die aborsie-stryd wat die afgelope jare gewoed het. Maar dit was veral die Rooms-Katolieke Kerk en die organisasie van Christen regslui wat teen hoë finansiële koste die veranderde wetgewing bestry het. Ten spyte van al die pogings het die Konstitusionele Hof besluit dat aborsie nie teen die wet indruis nie. In die proses het kerke wel duidelike getuienis gelewer.

HANDELINGE

Geen besluit

**2004 en 2007** Geen besluite oor aborsie